


**Deur President Thomas S. Monson.**

# Oorweeg die Paaie van U Voete

*Soos wat ons na Jesus kyk, as ons Voorbeeld en in Sy voetspore volg, kan ons veilig na ons Hemelse Vader terugkeer.*

My geliefde broers en susters, ek staan in nederigheid voor julle vanoggend. Ek vra vir julle geloof en gebede namens my, soos wat ek my boodskap met julle deel.

Elkeen van ons het met 'n wonderlike en noodsaaklike reistog begin, toe ons die geestes wêreld verlaat het en ingetree het op hierdie dikwels uitdaagende fase, wat ons sterflikheid noem. Die primêre doel van ons bestaan hier op die aarde is, om 'n liggaam van vlees en been te ontvang, om ondervinding op te tel wat slegs kon plaas vind, deur 'n skeiding van ons hemelse ouers, en om te sien of ons die gebooie sou onderhou. In die boek van Abraham hoofstuk 3 lees ons: "En ons sal hulle hiermee beproef om te sien of hulle al die dinge sal doen wat die Here hulle God hulle ook al mag beveel."[1]

Toe ons aarde toe gekom het, het ons daardie groot gawe van God af, selfs ons agentskap, saam met ons gebring. Op duisende maniere het ons die voorreg om vir onsself te kies. Hier leer ons deur die harde leermeester van ondervinding. Ons kies tussen good en kwaad. Ons onderskei tussen die bitter en die soet. Ons leer dat ons besluite ons toekoms bepaal.

Ek is seker dat ons, ons Vader verlaat het, met 'n oorweldigende begeerte om na Hom terug te keer, sodat ons die verheerliking mag ontvang wat Hy vir ons beplan het, en wat ons self ook so grootliks begeer het. Alhoewel ons gelaat is om self die pad te vind en te volg wat ons na ons Vader in die Hemel sal terug lei, het Hy ons nie hierheen gestuur sonder rigting of leiding nie. Eerder, Hy het aan ons die middele gegee wat ons nodig het, en Hy sal ons bystaan soos wat ons Sy hulp en bystand uitsoek, en daarna streef om alles in ons vermoë te doen, om tot aan die einde te verduur en die ewige lewe te ontvang.

Om ons te help lei, het ons die woorde van God en van Sy Seun, wat in die heilige skrif gevind kan word. Ons het die raad en leringe van God se profete. Van onmisbare belang, is aan ons 'n perfekte voorbeeld gegee om te volg - selfs die voorbeeld van ons Heer en Verlosser, Jesus Christus – en ons word beveel om daardie voorbeeld te volg. Die Verlosser het van Homself gesê: "Kom volg my."[2] "Die werke wat julle my sien doen het, dit sal julle ook doen."[3] Hy het die vraag gestel, "Watter soort manne behoort julle te wees?" En toe antwoord Hy, "Ek sê aan julle, net soos Ek is."[4] "Hy het die pad gemerk en in die weg gelei."[5]

Soos wat ons na Jesus kyk, as ons Voorbeeld en soos wat ons in Sy voetspore volg, kan ons veilig na ons Hemelse Vader terug keer om vir ewig saam met Hom te bly. Die profeet Nefi het gesê, "Tensy 'n mens sal volhard tot die einde, deur die voorbeeld te volg van die Seun van die lewende God, hy nie gered kan word nie."[6]

Een vrou, wat vertel het van die ondervindinge wat sy gehad het, tydens 'n besoek aan die Heilige Land, het elke keer verklaar, "Ek het geloop waar Jesus geloop het!"

Sy was in die omgewing waar Jesus geleef en geleer het. Sy het dalk op 'n rots gestaan waar Hy eens gestaan het of na 'n berg reeks gekyk, wat Hy eens na gekyk het. Die ondervindinge, was in en van hulself, 'n onvergeetlike ondervinding vir haar, maar om fisies te loop *waar* Jesus geloop het, is van mindere belang as om te loop *soos* Hy geloop het. Om Sy dade na te boots en Sy voorbeeld te volg, is van groter belang, as om die voetpaaie te volg waar Hy tydens sy aardse lewe geloop het.

Toe Jesus die uitnodiging aan 'n sekere ryk man gegee het, "Kom, volg my,"[7] het Hy nie bloot bedoel dat die ryk man Hom op en af deur die heuwels en valley van die landskap moes volg nie.

Ons hoef nie langs die see van Galilea, of tussen die heuwels van Judea te loop, om waarlik te loop waar Jesus geloop het nie. Elkeen van ons kan die paaie loop wat Hy geloop het, met Sy woorde wat in ons ore lui, en met Sy Gees wat ons harte vul, en met Sy leringe om ons lewens te lei, wanneer ons kies om Hom te volg tydens ons reistog deur hierdie aardse lewe. Sy voorbeeld, verlig die weg. Jesus leer, "Ek is die weg, die waarheid en die lewe."[8]

Soos ons die paaie ondersoek wat Jesus geloop het, sal ons sien dat dit Hom deur baie van dieselfde uitdaagings geneem het, as wat ons ook in die lewe ondervind.

Byvoorbeeld, Jesus het die pad van teleurstelling geloop. Alhoewel Hy baie teleurstellinge ondervind het, is die mees hartroerendste sy hartseer uitspraak oor Jerusalem, aan die einde van Sy publieke bediening. Die kinders van Israel het die beskerming van sy uitgestrekte vlerk, wat Hy hulle geoffer het, verwerp. Soos wat Hy uitgekyk het oor die stad wat binnekort verwoes sou word, is Hy oorkom deur emosies van diepe verdriet. In Sy smart roep Hy uit, "O Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak, en die wat na jou gestuur is stenig; hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak, soos 'n hen haar kuikens onder die vlerke, en julle wou nie!"[9]

Jesus het die pad van versoeking geloop. Lusifer, daardie bose een, het al sy kragte bymekaar gespan , sy mees indrukwekkendste uitnodiging geoffer om Jesus, wie reeds vir 40 dae en 40 nagte lank gevas het, te versoek. Jesus het nie ingegee nie; in teen deel, Hy het elke versoeking weerstaan. Sy afskeids woord was: "Gaan weg Satan!"[10]

Jesus het die pad van pyn geloop. Dink aan Getsemané, waar Hy "in 'n sware stryd was . . . en Hy met groter inspanning gebid het, en sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val."[11] En geen een kan Sy leiding op die wrede kruis vergeet nie.

Elkeen van ons, sal die pad van teleurstelling loop, dalk vanweë 'n verlore geleentheid, of deur die misbruik van gesag, of deur die keuses van 'n geliefde, of selfs as gevolg van 'n besluit wat ons self gemaak het. Die pad van versoeking sal elkeen van ons ook vind. Ons lees in die 29ste afdeling van die Leer en Verbonde: "En dit moet so wees dat die duiwel die mensekinders versoek,of anders kon hulle nie self vrye wil hê nie." [12]

Soortgelyk sal ons ook die pad van pyn loop. Ons, as diensknegte, kan nie meer verwag as die meester nie, wie hierdie aardse lewe eers verlaat het, na Hy verskriklike pyn en leiding ondervind het.

Terwyl ons op ons pad, bittere smart mag vind, kan ons ook groot vreugde ondervind.

Ons kan saam met Jesus die pad van gehoorsaamheid loop. Dit sal nie altyd maklik wees nie, maar laat ons wagwoord die erflating van Samuel behels: "Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme."[13] Laat ons onthou dat die eindresultaat van ongehoorsaamheid, gevangenskap en dood is, terwyl die belooning vir gehoorsaamheid, vryheid en die ewige lewe is.

Ons, soos Jesus, kan die pad van diens loop. Jesus se lewe van diens aan sy medemens, is soos 'n gloeiende soeklig van goedheid. Hy het krag aan die kreupele ledemate gebring, sig aan die blinde oë, en gehoor aan die dowe ore geskenk.

Jesus het die pad van gebed geloop. Hy het ons geleer hoe om te bid, deur aan ons die pragtige gebed te gee wat ons as die "Here se Gebed" ken. En wie kan Sy gebed in Getsémane vergeet, "Nie my wil nie, maar u will, geskied"?[14]

Ander instruksies wat aan ons gegee is deur ons Verlosser, is op ons vingerpunte beskikbaar, en kan in die heilige skrifture gevind word. In Sy Bergpredikasie, vertel Hy ons, om genadig, nederig, geregtig, suiwer van hart en vredemakers te wees. Hy beveel ons om braaf op te staan vir dit waarin ons glo, selfs wanneer ons bespot of vervolg word. Hy vra ons om ons lig so te laat skyn dat andere dit mag sien en die begeerte sal hê om ons Vader in die Hemel te eer. Hy leer ons om skoon te wees in beide ons gedagtes en ons dade. Hy vertel ons dat dit by verre meer belangrik is om skatte in die hemel op te lê, as op die aarde.[15]

Sy gelykkenisse leer met krag en gesag. Met die verhaal van die Goeie Samaritaan, leer Hy ons om ons medemens te dien en lief te hê.[16] In Sy gelykkenis van die talente, leer Hy ons om onsself te verbeter en om volmaaktheid na te streef.[17] Met die gelykkenis van die verlore skaap, beveel Hy ons om tot die redding te kom van diegene wie die pad verlaat het en hul weg verloor het.[18]

Soos wat ons daarna streef om Christus die middelpunt van ons lewens te maak, deur Sy woorde te leer en Sy leringe te volg en in Sy paaie te loop, het Hy belowe om die ewige lewe , waarvoor Hy gesterf het, met ons te deel. Daar is geen hoër doel as dit nie, dat ons sal kies om Sy dissipline te aanvaar en Sy dissipels te word en om Sy werk deur die res van ons lewens te doen. Niks anders, geen ander keuse wat ons kan maak, kan van ons maak, wat Hy van ons kan maak nie.

Soos wat ek aan diegene dink, wie opreg probeer om die voorbeeld van die Verlosser te volg, en wie in Sy paaie geloop het, dink ek aan Gustav en Margarete Wacker –twee van die mees Christelikste individue wat ek al ooit geken het. Hulle het van Duitsland af na die ooste van

Kanada geimmigreer, en dit is waar ek hulle ontmoet het, terwyl ek as 'n sending president daar gedien het. Broer Wacker het as 'n mans haarkapper gewerk. Alhoewel hulle inkomste skraal was, het hulle tog alles wat hulle gehad het met andere gedeel. Hulle is nie met kinders geseën nie, maar hulle het almal versorg wat na hulle huis toe gekom het. Opgevoede en gesofistikeerde mans en vroue het hierdie nederige, ongeletterde dienskneгte van God uitgesoek en hulself as gelukkig geag, indien hulle 'n paar ure in hulle geselskap kon deurbring.

Hulle voorkoms was eenvoudig, hulle Engels gebroke en soms moeilik om te verstaan, hulle huis sonder versiering. Hulle het nie 'n motor of 'n televisie besit nie, of enige van die dinge wat die wêreld as belangrik geag het nie. Tog, het die gelowiges 'n pad na hulle voordeur geslaan, om die gees aan te voel, wat daar was. Hulle huis was 'n hemel op aarde, en die gees wat hulle uitgestraal het, was ware vrede en goedheid.

Ons kan ook daardie gees aanvoel, en dit met die wêreld deel, soos wat ons die paaie van ons Verlosser loop, en Sy volmaakte voorbeeld volg.

Ons lees in Spreuke die aanmaning, "Oorweeg die paaie van julle voete."[19] Soos wat ons dit doen, sal ons die geloof, en selfs die begeerte hê om die paaie wat Jesus geloop het, te loop. Ons sal geen twyfel hê dat ons op die pad is, wat ons Vader wil hê dat ons moet volg. Die Verlosser se voorbeeld skep die raamwerk vir alles wat ons doen, en sy woorde gee aan ons 'n onfeilbare gids. Sy paaie sal ons veilig huis toe lei. Mag hierdie ons seëning wees, bid ek in die naam van Jesus Christus, vir wie ek lief is, wie ek dien en van wie ek getuig, amen.

**NOTAS**


1. Abraham 3:25.
2. Lukas 18:22.
3. 3 Nefi 27:21.
4. 3 Nefi 27:27.
5. Eliza R. Snow, "Hoe Groot die Wysheid en die Liefde," *Gesang,* no. 195.
6. 2 Nefi 31:16.
7. Lukas 18:22.
8. Johannes 14:6
9. Lukas 13:34.
10. Matthéüs 4:10.
11. Lukas 22:44.
12. Leer en Verbonde 29:39.
13. 1 Samuel 15:22.
14. Lukas 22:42.
15. Sien Matthéüs 5:6.
16. Sien Lukas 10:30–37.)
17. Sien Matthéüs 25:14–30.)
18. Sien Lukas 15:4–7.
19. Spreuke 4:26.

## Leerstellings van Ons Tyd

Vanaf Oktober 2014 tot April 2015, moet die Melgisédekse Priesterskap en Vroue Vereeniging lesse op die vierde Sondag voorberei word, uit een van die praatjies wat gegee is in die Oktober 2014 algemene konferensie. In April 2015, mag praaitjies gekies word vanuit die Oktober 2014 of die April 2015 algemene konferensie. Ring en distrik presidente behoort die praatjies te kies wat in hulle areas gebruik sal word, of hulle kan die verantwoordelikheid aan die biskoppe en tak presidente oordra.

Die praatjies is in baie tale beskikbaar by conference.lds.org.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//14. Vertalings goedkeuring: 6/14.
Vertaling van *First Presidency Message, November 2014.* Afrikaans. 10871 501



**Deur President Dieter F. Uchtdorf**
Tweede Raadgewer in die Eerste Presidentskap

# Ontvang 'n Getuienis van Lig en Waarheid

*Jou persoonlike getuienis van lig en waarheid, sal nie net jou lewe en die lewens van jou nageslagte hier op die aarde seën nie, maar dit sal saam met jou gaan deur alle ewigheid.*

As 'n lugdiens vlieënier, het ek baie ure in die donkerte oor kontinente en oseaane gevlieg. Wanneer ek na die nag ruim deur my venster gekyk het, veral die Melk Weg, het dit my dikwels laat wonder oor die grootheid en diepte van God se skepping –wat die geskrifte na verwys as "wêrelde sonder getal."[1]

Dit was minder as 'n eeu gelede, wat meeste sterrekundiges geglo het dat ons Melk Weg sterrestelsel, die enigste sterrestelsel in die hemelruim was.[2] Hulle het geglo dat daar 'n masiewe niksheid buite ons sterrestelsel gelê het, 'n oneindigende leemte –koud, sonder sterre, lig of lewe.

Soos wat teleskope meer gevorderd geraak het – insluitende teleskope wat in die hemelruim ingetuur kon word, het sterrekundiges die wonderbaarlike amper onbegryplike waarheid begin verstaan: die hemelruim is onverstaanbaar groter as wat enige een voorheen geglo het, en dat die hemele gevul is met ontelbare sterrestelsels, onbegryplik ver van ons af, en elkeen bevat honderde biljoene sterre.[3]

In 'n baie kort tydperk het ons begrip en kennis van die hemelruim vir ewig verander.

Vandag kan ons sommige van hierdie verafgeleë sterrestelsels sien.[4]

Ons weet dat hulle daar is.

Hulle is vir 'n baie lang tyd al daar.

Maar voor ons die instrumente gehad het wat sterk genoeg was om die selestiale lig te sien en om dit moontlik te maak vir ons om hierdie sterrestels te sien, het ons nie geglo dat sulke dinge moontlik kon wees nie.

Die grootheid van die hemelruim het nie skielik verander nie, maar ons vermoë om dit te sien en hierdie waarhede te verstaan, het dramaties verander. En met groter lig, is die mensdom bekend gestel aan glorierykе beelde wat ons nie eens kon voorstel nie.

### Dit Is Moeilik vir Ons om te Glo in dit Wat Ons nie kan Sien nie

Verbeel jou, jy kon terug reis in tyd, en jy kon met mense gesels wie 'n duisend of selfs honderde jare gelede geleef het. Verbeel jou, hoe jy sommige van die moderne tegnologie wat ek en jy vanselfsprekend aanvaar, aan hulle sou beskryf. Byvoorbeeld, wat sou hierdie mense dink indien ons hulle stories vertel van passasiers vliegtuie, mikrogolfoonde, voorwerpe wat in jou hand pas wat 'n hele digitale biblioteek bevat, en videos van ons kleinkinders onmiddelik met miljoene mense om die wêreld kon deel?

Sommige mag ons dalk glo. Maar die meeste sou ons spot, of teenstaan of selfs probeer om ons stil te maak, of selfs seer te maak. Sommige mag dalk probeer om dit logies uit te pluis of uit te redeneer met die feite tot hulle beskiking, om te wys dat ons verkeerd of dwaas of selfs gevaarlik is. Hulle mag ons oordeel, omdat hulle glo dat ons andere probeer mislei.

Maar, natuurlik sou hierdie mense heeltemal verkeerd wees, Hulle mag vol goeie bedoelinge wees en opreg wees. Hulle mag heeltemal positief wees oor hulle opinie. Maar hulle sou eenvoudig net nie die waarheid duidelik kon sien nie, omdat hulle nog nie die meer volledige lig van waarheid ontvang het nie.

### Die Belofte van Lig

Dit is 'n eienskap van die mensdom, om altyd te aanvaar dat ons reg is, selfs wanneer ons verkeerd is. En indien dit die geval is, watter hoop is daar vir enige een van ons? Is ons gedoem om rigtingloos te dwaal oor 'n see van teenstrydige

inligting, vasgevang op ‘n platform wat sleg vasgebind is, deur ons eie vooroordelinge.

Is dit moontlik om die waarheid te vind?

Die doel van my voorlegging is om die vreugdevolle boodskap te verklaar, dat God Homself –die Here van die Heerskare, wie alle waarhede ken –aan Sy kinders ‘n belofte gemaak het, dat hulle alle waarhede vir hulleself mag weet.

Oorweeg asseblief die gewigtigheid van hierdie belofte:

Die Ewige en Almagtige God, die Skepper van hierdie masiewe hemelruim, sal met diegene spreek wie Hom met ‘n opregte hart en ware bedoeling, nader.

Hy sal hulle aanspreek in drome, visioene, gedagtes en gevoelens.

Hy sal spreek op ‘n manier wat onmisbaar sal wees, en wat die menslike ondervinding sal oorskadu. Hy sal aan hulle goddelike rigting en antwoorde gee, vir hulle persoonlike en individuele lewens.

Natuurlik sal daar diegene wees, wie sal spot en sê dat sulke dinge onmoontlik is, dat indien daar wel ‘n God is, Hy beter dinge sal hê om te doen, as om na ‘n enkele persoon se gebede te luister en te antwoord.

Maar ek sê vir julle dit: God gee om vir jou. Hy sal luister en Hy sal jou persoonlike vrae beantwoord. Die antwoorde op jou gebede sal in Sy eie manier en in Sy eie tyd kom, en daarom moet jy leer om na Sy stem te luister. God wil hê dat jy jou pad na Hom toe moet terug vind, en die Verlosser is die weg.[5] God wil hê dat jy van Sy Seun, Jesus Christus, moet leer en dat jy die onbeskryflike vrede en vreugde mag vind, wat kom wanneer jy die pad van Sy goddelike dissipelskap volg.

My dierbare vriende, hier is ‘n redelike eenvoudige eksperiment, met ‘n waarborg van God af wat ons in ‘n boek van antieke skrifture kan vind, wat beskikbaar is aan elke man, vrou en kind, wat bereid is om dit tot die toets te stel:

*Eerstens,* moet jy die woord van God ondersoek. Dit beteken, lees die geskrifte elke dag en studeer die woorde van die profete van ouds, asook die moderne profete, veral met betrekking tot die gerestoureerde evangelie van Jesus Christus –met die opregte begeerte om die waarheid te ontdek, en nie met die doel om dit te kritiseer of te twyfel nie. Peins oor die dinge wat jy sal voel, en berei youself voor om die waarheid te ontvang.[6] “As julle selfs niks meer kan as net begeer om te glo, laat hierdie begeerte werk in julle, totdat julle glo op so ‘n wyse dat julle plek kan gee vir ‘n gedeelte van my woord.”[7]

*Tweedens,* moet julle oorweeg, bepeins en vreesloos daarna streef om te glo,[8] en wees dankbaar vir hoe genadig die Here teenoor Sy kinders is, vanaf die tyd van Adam tot en met ons dag, deur dat Hy profete, sieners en openbaarders gestuur het om Sy Kerk te lei en ons te help om ons pad na Hom toe terug te vind.

*Derdens,* moet julle, jul Hemelse Vader, in die naam van Sy Seun, Jesus Christus vra, om die waarheid van die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, aan jou te openbaar. Vra met ‘n opregte hart en ware bedoeling, met geloof in Christus.[9]

Daar is ook ‘n *vierde* stap, wat deur ons Verlosser aan ons gegee is:“As iemand gewillig is om Sy wil te doen, sal hy aangaande die leer weet of dit uit God is, en of Ek uit Myself spreek.”[10] In ander woorde, wanneer jy probeer om die waarheid van die beginsels van die evangelie te bevestig, moet jy hulle eers toepas en uitleef. Stel evangelie beginsels en Kerk leerstellinge tot die toets in jou eie lewe. Doen dit met opregte bedoeling en ewigdurende geloof in God.

Indien julle hierdie dinge sal doen, het julle ‘n belofte van God – wie gebind is deur Sy woord[11]—dat Hy die waarheid aan jou sal bekend maak deur die krag van die Heilige Gees. Hy sal aan jou groter lig skenk wat jou sal toelaat om deur die donkerte te sien en dan die ongelooflike en glorieryke beelde te aanskou, wat nog onsigbaar is vir aardse oë.

Sommige mag sê dat die stappe te moeilik is of dat dit nie die moeite werd is nie. Maar ek stel voor dat hierdie persoonlike getuienis van die evangelie en van die Kerk, die belangrikste ding is wat jy in hierdie lewe kan verdien. Dit sal nie net vir jou seën en lei gedurende hierdie lewe nie, maar dit sal ook ‘n direkte betrekking op jou lewe deur die ewigheid hê.

**Die Dinge van die Gees Kan Slegs deur die Gees Verstaan Word**

Wetenskaplikes het gesukkel om die breedte van die hemelruim te verstaan, totdat instrumente gevorderd genoeg geraak het, om die groter lig op te neem, sodat hulle ‘n meer volledige waarheid kon begryp.

Die Apostel Paulus het ‘n soortgelykke beginsel, aangaande geestelike kennis, geleer. “Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie,” het hy aan die Korinthiërs geskryf, “want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word.”[12]

Met ander woorde, indien jy geestelike waarhede wil erken, moet jy die regte instrumente gebruik. Jy kan nie geestelike waarhede erken, met instrumente wat nie ingestel is om dit waar te neem nie.

Die Verlosser het in ons dag gesê, “Dit wat van God is, is lig; en hy wat lig ontvang en volhard in God, ontvang meer lig; en daardie lig word al hoe helderder tot by die volmaakte dag.”[13]

Hoe meer ons, ons hart en verstand na God toe draai, hoe meer hemelse lig sal oor ons siel skyn. En elke keer wat ons gewilliglik en opreg daardie lig uitsoek, dui ons aan God, dat ons gereed is om meer lig te ontvang. Geleidelik, sal dinge wat voorheen duister, donker of verafgeleë was, vir ons duideliker, helderder en meer bekend word.

By dieselfde teken, indien ons, onsself van die lig van die evangelie, distansieër, sal ons eie lig begin kwyn – nie in 'n dag of 'n week nie, maar geleidelik oor 'n tydperk - totdat ons terug sal kyk en nie kan verstaan hoe ons ooit kon glo dat die evangelie waar was nie. Ons vorige kennis mag selfs vir ons as dwaas voorkom, omdat dit wat eens vir ons so duidelik was, weereens duister, dof, of onduidelik geword het.

Dit is hoekom Paulus so aangedring het, dat die boodskap van die evangelie dwaasheid is, aan diegene wie verlore gaan, "Maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God."[14]

### Daar Is Geen Litmus Toets

Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae is 'n plek vir mense met alle soorte getuienisse. Daar is sommige van die lede van die Kerk wie se getuienis sterk en helder in hulle brand. Andere probeer nog daardie getuienis vir hulself ontdek. Die Kerk is 'n tuiste waar almal bymekaar kan kom, ongeag die diepte of hoogte van hulle getuienis. Ek weet van geen kennisgewing op die deure van ons vergaderhuise, wat lees, "Jou getuienis moet so hoog wees, voor jy mag binne gaan nie.

Die Kerk is nie net vir volmaakte mense nie, maar dit is vir almal om "tot Christus te kom, en om in Hom volmaak te word."[15] Die Kerk is vir mense soos ek en jy. Die Kerk is 'n plek van verwelkoming en versorging, nie vir afskeiding en kritiek nie. Dit is 'n plek waar ons uitreik om aan te moedig, op te beur en mekaar te ondersteun, soos ons met ons individuele soektog na goddelikke waarheid, voortgaan.

In die einde is ons almal pelgrims opsoek na God se lig, op ons reistog van dissipelskap. Ons veroordeel nie andere vir die hoeveelheid lig wat hulle het nie, ons moet eerder alle lig versorg en aanmoedig, totdat dit helder, duidelik en opreg skyn.

### 'n Belofte Aan Almal

Laat ons bevestig dat om 'n getuienis te ontwikkel, nie 'n taak van 'n paar minute, of 'n uur of selfs 'n dag is nie. Dit word nie eens gedoen en dan is dit klaar nie. Die proses van geestelike lig bymekaar maak, is 'n lewenslange bedryf.

Jou getuienis van die lewende Seun van God en Sy gerestoureerde Kerk, Die Kerk van Jesus Christus van die Heiliges van die Laaste Dae, mag dalk nie so gou kom soos jy graag sou wou hê nie, maar ek gee aan jou hierdie belofte: indien jy jou deel doen, sal dit kom.

En dit sal wonderlik wees.

Ek bied jou my persoonlike getuienis, dat geestelike waarhede jou hart sal vul en lig aan jou gees sal bring. Dit sal aan jou eenvoudige waarhede openbaar met wonderlike vreugde en hemelse vrede. Ek het dit al vir myself geondervind, deur die krag van die Heilige Gees.

Soos die antieke geskrifte belowe het, sal die onspreekbare nabyheid van die Gees van God jou bring om die lied van reddende liefde te sing,[16] lig jou oë na die hemel, en prys die Mees Hoogste God met jou stem, jou Toevlug, jou Hoop, jou Beskermer en jou Vader. Die Verlosser het belowe, indien julle soek, sal julle vind.[17]

Ek getuig dat dit waar is. Indien julle God se waarhede soek, dit wat dalk nou duister mag wees, buite fokus, en ver weg, sal dit geleidelik aan julle geopenbaar word, en dit sal duideliker word en sal na aan julle harte kom, deur die lig van God se genade. Glorieryke beelde, onbeskryflik vir die mense oog, sal aan julle geopenbaar word.

Dit is my getuienis dat hierdie geestelike lig, binne die bereik van elke kind van God is. Dit sal jou verstand verlig en geneesing aan jou hart en vreugde aan al jou dae, bring. My liewe vriende, asseblief moenie die soeke na jou eie persoonlike getuienis van God se goddelike werk uitstel nie, selfs die werk van lig en waarheid.

Jou persoonlike getuienis van lig en waarheid sal nie net jou en jou nageslagte hier op die aarde seën nie, maar dit sal saam met jou gaan deur alle ewigheid Ek getuig hiervan en laat my seëning met julle, in die naam van Jesus Christus, amen.

**NOTAS**

1. Moses 1:33.
2. Sien Marcia Bartusiak, *Die Dag Wat Ons Die Hemelruim Gevind Het* (2009), xii. Dit is altyd verstommend vir my, dat ons so veel vertroue in ons eie gevolgtrekkinge kan hê. Soms is ons vertroue so groot, dat ons aanneem dat ons reeds al die waarhede het. Byvoorbeeld: "Simon Newcomb, die hoof van Amerikaanse Astronomie in die latere deel van die negentiende eeu het by die toewyding van 'n sterrewag in 1887 gesê, so ver as wat dit astronomie aangaan, is ons vinnig besig om die perke van ons kennis te bereik. . . . Die eindresultaat is dat die werk wat werklik die aandag van die astronoom opneem, is nie meer die ontdekking van nuwe dinge nie, maar die uitbreiding van dit wat ons reeds weet."' (Bartusiak, xv).
3. Dit is interressant om Moses 1:33, 35 in die lig van hierdie "onlangse' ontdekkings, te oorweeg. Die boek van Moses in die Baie Kosbare Pêrel is aan die Profeet Joseph Smith in Junie 1830 geopenbaar, amper 'n half eeu voor Edwin Hubble die aankondiging van sy ontdekking van 'n verafgeleë sterrestelsel gemaak het.
4. Sien, byvoorbeeld, die Hubble Erfenis Beeld Galery, by heritage.stsci.edu/gallery/gallery.html.
5. Sien Johannes 14:6.
6. Sien 3 Nefi 17:3.
7. Alma 32:27.
8. Sien Leer en Verbonde 67:3.
9. Sien Moroni 10:3–5.
10. Johannes 7:17; sien ook Psalm 25:14; Johannes 3:21.
11. Sien Leer en Verbonde 82:10.
12. 1 Korinthiërs 2:14.
13. Leer en Verbonde 50:24.
14. 1 Korinthiërs 1:18.
15. Moroni 10:32; sien ookLeer en Verbonde 20:59.
16. Sien Alma 5:26.
17. Sien Leer en Verbonde 88:63.

© 2014 deur Intellectual Reserve, Inc. Alle regte voorbehou. Gepubliseer in die VSA. Engelse goedkeuring: 6//14. Vertalings goedkeuring: 6/14.
Vertaling van *Visiting Teaching Message, November 2014*. Afrikaans. 10871 501